

AANBIDDING IN IRANESE HUISKERKE

Volgelingen van Jesus in lande soos Iran, waar vervolging 'n realiteit is, beleef die teenwoordigheid van God op 'n kragtige wyse. En uitgestoot deur die samelewing, is 'n huiskerk die enigste geleentheid vir hierdie gelowiges om bymekaar te kom.

Ten spyte van die gevaar, groei en vermenigvuldig huiskerke in Iran. Gelowiges word uit die samelewing gestoot, ervaar diskriminasie en selfs arrestasie sou hulle openlik hul geloof bely. Om onopgemerk bymekaar te kom is bykans onmoontlik, veral wanneer bure en plaaslike owerhede daarop uit is om die gelowiges uit te vang. Maar juis in hierdie gevaarlike situasie beweeg en werk die Gees van God.

Dina*, 'n SAT-7 kyker van Iran, het onlangs getuig: "Deur die genade van ons liefdevolle Heer, het ons elke Saterdag 'n huiskerk byeenkoms in ons huis. Loof God! Die afgelope paar maande het meer mense in ons huis tot geloof gekom. Ons was vyf en nou is ons nege persone. Bid asseblief God se beskerming oor ons huiskerk."

SAT-7 se bediening is veral vir geheime Christene baie betekenisvol. *Hemelse Aanbidding*, 'n weeklikse regstreekse aanbiddingsprogram met Persiese lofliedere spreek die behoefte om te lofprys aan. Hierdie program, asook ander programme, is van onskatbare waarde vir geïsoleerde gelowiges wat nie openlik durf aanbid nie en ook nie toegang het tot Christelike hulpbronne in hul dialek nie.

'n Manlike kyker, Babak* skryf: "Ek sing die liedere met my hele hart en siel saam met die musikante. Ek dank een en elkeen van julle, geliefdes in die Here, vir die lof en aanbidding aan ons Here wat julle in ons harte en huise bring."

*Name en foto regs slegs vir illustrasie doeleindes.

- **Loof God dat gelowiges in Iran volhard om in hulle huise byeen te kom, ten spyte van die gevaar wat dit inhou.**
- **Bid dat God hulle beskerm en hul geloof versterk.**
- **Bid God se seën en die uitstort van Sy Gees op die geheime Christene in Iran.**



Gebeds † Nuus

Mei 2020



MAAK HOOP SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 242
Carnarvon NC 8925
southafrica@sat7.org
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2020 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

"JY IS NIE ALLEEN NIE"

Jy is nie Alleen nie bring geestelike bemoediging en 'n gevoel van eenheid aan kykers wat worstel met eensaamheid, angs en hartseer as gevolg van die Covid-19 pandemie. Hierdie nuwe program word drie keer 'n week uitgesaai en deel getuïenisse van hoop, asook 'n boodskap om kykers te help om op Jesus te vertrou.

"Om te vrees is menslik, ons kan dit nie ontken nie. Maar ons moet nie oorweldig word deur vrees nie. Ons moet geloof behou, want geloof oorwin altyd vrees," deel die Siriese kerkleier, Pastor Emile Al-Tarcheh, tydens die eerste episode van *Jy is nie Alleen nie*.

In elke 25 minuut episode van *Jy is nie Alleen nie* word nuus opdateer asook getuïenisse gedeel waardeur kykers deel in mekaar se lewe. "In hierdie program bemoedig ons mekaar deur ons persoonlike ervarings in hierdie tyd te deel," vertel aanbieder Sirene. "Ons deel ook kundige advies hoe om die huidige situasie op die bes moontlike manier, fisies en emosioneel, te hanteer."

Die program sluit ook inspirerende verhale in van mediese werkers van Arabiese lande wat erken word vir hul diens in die korona-geteisterde Frankryk. Die Lebanese span is deur President Hassan Diab geprys: "Elkeen van julle is die trots van Lebanon. Ons wens julle alles van die beste toe en hoop om julle spoedig weer in Lebanon terug te verwelkom."

Kykers is ook voorgestel aan 'n musikant in Chili wat elke dag buite sy ouers se huis staan en trekklavier speel om hulle te bemoedig.

Jy is nie Alleen nie bied ook aan kykers die geleentheid om vir mekaar, en die res van die wêreld wat swaarkry, te bid. Hulle dra mekaar se laste en bring ook hulde aan diegene wat gesterf het. In die eerste episode is spesifiek vir twee jong seuns gebid wat hul moeders as gevolg van Covid-19 verloor het, een in Marokko en die ander een in Italië.

Sirene het ook 'n gesprek met Fadi Al-Chidiac, 'n Jesuïete priester in Lebanon gevoer wie se vader aan die virus oorlede is. "Dit was moeilik, maar ek dank God, want Hy is altyd by ons," het hy getuig.

*Al SAT-7 se programme word in ooreenstemming met plaaslike riglyne vir openbare gesondheid vervaardig met beperkte personeel en virtuele onderhoude.



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asseblief vir die volgende kykers
terwyl jy hulle boodskappe lees

KYKER IN IRAN

“Dank God dat julle geduldig luister wanneer ons ons probleme met julle deel. Julle maak dit vir ons moontlik om staande te bly in moeilike omstandighede.”

KYKER IN ALGERIË

“Dit is reeds maande sedert die regering ons kerk gesluit het. Mense vra nou vir ons wat in ons kerk gebeur. Bid dat ons hierdie geleentheid reg gebruik.”

KYKER IN IRAK

“My vrou en ’n niggie het die koronavirus. Bid vir hulle genesing en vir almal wat siek is, worstel om asem te haal en bang is. Bid dat hulle God se vrede ervaar.”

KYKER IN AFGHANISTAN

“My begrip van Christus het verander. Ek is nou gereed om Hom aan te neem. Ek wil Hom volg.”
Bid vir hierdie nuwe bekeerling om te groei in geloof.

“Ek is ’n verpleegster en werk in ’n hospitaal. Ek het ’n vierjarige dogtertjie. Sy geniet julle programme. Julle gebede vir gesondheidswerkers, dat God hulle beskerm van COVID-19, raak my baie diep. Baie dankie!”
- SAT-7 KIDS kyker

“

Bring ons in God se Teenwoordigheid

Ek het een nag aan die slaap geraak en God in ’n koningskleed gesien, met twaalf dienaars agter Hom. Hy het na my uitgereik met Sy glimlag wat vol liefde was. Ek het wakker geword en verstaan dat God aan my verskyn het as ’n mens om my na Hom toe te trek. Op daardie tydstop het ek niks van Christus geweet of die Bybel gelees nie. Nietemin, na die droom het ek geweet God het my besoek as ’n hemelse Koning. Ek het gekniel, my hart vir Hom oopgemaak en my sonde bely. Ek is nou ’n dogter van God en die lewende Christus is my Here. My man wat verslaaf was aan opium het ook na Christus gekom, en ook my kinders. Waarlik, my roukleed is verander in ’n kleed van lofprysing en vreugde.

Pouran, ’n Iranese SAT-7 PARS kyker

Ek was nie ’n Christen nie en die dogter van ’n gesin wat gekant teen die Christelike geloof is. Ek het Jesus Christus op dieselfde dag vir die afgelope twee jaar in my drome gesien. Ek voel om te huil as ek na prente van Hom kyk, so lief het ek Hom. Dit mag vreemd vir julle klink, want ek weet niks van Hom nie. Maar my siel oortuig my om ’n Christen te wees en my hart dring my in daardie rigting. Ek kan nie met my familie, of eintlik met niemand hieroor praat nie. Ek was so bly om uit te vind dat ’n Christelike organisasie soos hierdie bestaan en het gedink julle kan my dalk help. Een nag het ek wakker geword en gesien die TV is aan en op SAT-7 TÜRK. Ek het die TV nie op daardie kanaal aangesit nie, dit was net vanself so. Wat beteken al hierdie dinge?
Oylum, SAT-7 TÜRK kyker



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asseblief vir die volgende kykers
terwyl jy hulle boodskappe lees

KYKER IN IRAN

“Bid vir my dogter om ’n Christen man te ontmoet. Bid vir ons familie se beskerming, want julle is ons familie en nader aan ons as ons fisiese familie.”

KYKER IN EGIPTE

“Ek is bang. Dit voel of ek die virus het. Ek kan nie na ’n dokter of hospitaal toe gaan nie, op grond van die kwarantynreëls. Bid vir my dat ek gesond word en vir my kinders om nie siek te word nie.”

KYKER IN TURKYE

“Ek verstaan nie hoekom Jesus die Seun van God genoem word nie. En tog voel ek aangetrokke tot die Christelike geloof.”
Bid vir hierdie man se begrip van Christus.

KYKER IN KOEWEIT

“My hart breek oor my seun wat dwelms gebruik en onbeheerst optree. Bid asseblief vir hom dat hy Jesus leer ken en bevry word van dwelms.”

KYKER IN EGIPTE

“Ek het my man vergewe en ons verhouding is baie goed. Dit alles op grond van julle advies dat ek vir hom bid. Hou aan bid vir ons om Christus beter te leer ken.”